Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Brian Le Keur**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Brian.LeKeur@westerncape.gov.za | 021 467 2094

Lêerno.: 18/5/1
Verwysing: 20241107-8120

Omsendbrief: 0037/2024
Vervaldatum: 31 Oktober 2027

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

Kort opsomming: *Kontrak vir die voorsiening en aflewering van skoonmaakbenodigdhede, asook tuin- en elektriese gereedskap en toerusting.*

**Onderwerp: Kontrak (BWCED 3123/23) vir die voorsiening en aflewering van skoonmaakbenodigdhede, asook tuin- en elektriese gereedskap en toerusting vir die tydperk 01 November 2024 tot 31 Oktober 2027**

1. Let asseblief daarop dat hierdie omsendbrief slegs betrekking het op die voorsiening en aflewering van skoonmaakbenodigdhede, asook tuin- en elektriese gereedskap en toerusting.

2. Die doel van hierdie omsendbrief is voorts om alle betrokkenes in kennis te stel dat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se kontrak (BWCED 2876/20) vir die voorsiening en aflewering van skoonmaakbenodigdhede, asook tuin- en elektriese gereedskap en toerusting (uitgereik onder Omsendbrief 0027/2021,gedateer 01 Junie 2021), op 30 April 2024 verstryk het, maar van 01 Mei 2024 tot 31 Oktober 2024 verleng is in ooreenstemming met Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0008/2024, gedateer 25 April 2024). Dit word nou deur 'n nuwe driejaarkontrak vervang.

3. Die WKOD het 'n nuwe driejaarkontrak (BWCED 3123/23) met **Bidtiq (Pty)Ltd** gesluit vir die tydperk 01 November 2024 tot 31 Oktober 2027. Hierdie kontrak sal deur alle openbare skole, distrikskantore en die Hoofkantoor van die WKOD benut word. Artikel 21-skole mag die aangehegte katalogus gebruik om, wanneer items benodig word, sodanige items aan te koop en betalings direk aan die verskaffer te maak.

4. Dit is belangrik om daarop te let dat bestellings vir skoonmaakbenodigdhede, asook tuin- en elektriese gereedskap en toerusting, slegs by die goedgekeurde verskaffer vir die vermelde tydperk geplaas sal word deur die volgende besonderhede te gebruik:

**Bidtiq (Pty) Ltd**
Klawerstraat 14
Sybrand Park
Athlone
7700

Telefoonnommer: 021 696 9361
Selnommer: 072 997 5549
E-pos: ashton@rcsuppliers.co.za
Kontakpersoon: Roselie Ann Blankenaar

5. Daar word van nie-artikel 21-skole en kantore van die departement vereis om die aangehegte katalogus vir die toepaslike jaar te gebruik om hul verlangde items te bestel.

6. Dit is belangrik om daarop te let dat skole ingevolge die kontrak slegs toegelaat word om items te bestel wat binne die bestek van die aangehegte katalogus vir hul distrik val.

7. Nie-artikel 21-skole moet daarop let dat indien die kontrak vir skoonmaakbenodigdhede, asook tuin- en elektriese gereedskap en toerusting nie voorsiening maak vir items wat hulle benodig nie, versoeke vir hierdie items aan die bestelkantoor vir leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) gestuur moet word deur die WKOD 26-bestelvorm te gebruik. Sodanige items sal dan in die ope mark geadverteer word en die verkryging sal via die voorsieningskettingbestuurprosesse onderneem word.

8. Nie-artikel 21-skole moet hul versoeke by die LOOM-kantoor indien deur die volgende e-posadres te gebruik:

Aandag: Me Louise John
E-pos: LTSM@westerncape.gov.za
Tel.: 021 467 2345 (navrae)

9. Dit is baie belangrik vir skole om sorgvuldig te beplan hoe om hul Norme-en-Standaarde- (N&S-) befondsing te bestuur om die beskikbaarheid van voldoende fondse vir al hul behoeftes te verseker.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-11-26